TOESPRAAK: UITVOERENDE BURGEMEESTER DAN PLATO

4 AUGUTUS 2009

Ek waardeer hierdie geleentheid om die Kaapse streekkamer van handel en nywerheid toe te spreek. Dit is goed om die uitdagings en geleenthede wat op Kaapstad se weg lê, op ‘n konstruktiewe manier te kan takel.

Volgens markontleders is daar tekens dat die ekonomie aan die herstel is. Daar is egter steeds besighede wat toemaak en poste wat so verlore gaan. Van ons inwoners is slagoffers van die ekonomiese afswaai, terwyl ander al baie langer onder armoede gebuk gaan en sukkel om kop bo water te hou.

Gedurende my ampstermyn wil ek fokus op armoedeverligting en ‘n aansienlike verbetering in dienslewering. Die kwessies wat armes raak, is nie geïsoleer nie, en dit is dus almal se verantwoordelikheid om daarby betrokke te raak.

Soos u, is die Stad ook ‘n besigheid – ‘n besigheid van dienslewering. Ons het 22 000 personeellede wat 3,4 miljoen mense in ‘n gebied van 2 500 m² bedien. Ons is u naaste regeringsfeer, maar dit beteken nie dat ons vir alles verantwoordelik is nie. Hierdie wanbegrip is duidelik sigbaar in die diensleweringsbetogings. Plaaslike regering moet dikwels die blaam dra vir planne en beloftes wat deur nasionale en provinsiale regerings gemaak word.

Die vernaamste munisipale dienste sluit in elektrisiteit, water, sanitasie, vullisverwydering, primêregesondheidsdienste by klinieke, wetstoepassing van verordenings, rampbestuur soos tydens oorstromings en brande, paaie, vervoer en stormwater, geriewe, sport en ontspanning. Provinsiale en nasionale regering moet byvoorbeeld pa staan vir opvoedkunde, polisiëring en behuising.

Ons weet by die meeste van ons inwoners kry huise, misdaad en werksgeleenthede voorkeur. Hoewel dit nie die Stad se primêre verantwoordelikheid is nie, was ons nie ons hande nie. Ons voorsien informele nedersettings van basiese dienste en probeer om hulle bestaande woonplekke te verbeter en gedienste grond te vind. Ons ondersteun die Suid-Afrikaanse polisiedienste in hulle taak en takel misdadige elemente in die gemeenskappe. Ons probeer om dienste en toestande te skep wat beleggers sal lok wat weer werksgeleenthede sal skep. Ons werk met die provinsiale en nasionale regering saam om dienste aan ons mense te verbeter.

Ek doen ‘n beroep op u om verder as regeringstenders of korporatiewe maatskaplikeverantwoordelikheidsprogramme te kyk. Die Stad kan help om gemeenskapsbehoeftes aan sakegeleenthede te koppel. Ons het al gesien hoe ‘n enkele supermark in ‘n informele nedersetting ‘n bydrae lewer om mense se lewensgehalte te verbeter. Hierdie markte is geleenthede.

As individuele besighede en ook kollektief het u die mag om werklike verandering teweeg te bring. As u u werksmag se vaardighede verbeter, hulle opleidings- en groeigeleenthede

gee, hulle en hul gesinne help om hul opleiding en kwalifikasies te verbeter, help u die stad en die ekonomie.

As u plaaslike arbeid en verskaffers gebruik, lewer u ‘n bydrae. Wanneer u u personeel help om eiendom te huur, koop of bou, gee u hulle hoop.

As u gemeenskap of maatskaplikeverantwoordelikheidsprogramme mense lewensvaardighede leer, of hulle gebied skoonmaak of beveilig, bou u Kaapstad. As u u energieverbruik verminder, water hergebruik en u afval herwin, beskerm u die omgewing. Ons natuurskoon gee ons ‘n mededingende voorsprong.

Die Stad kan by u kennis baat. Vertel ons hoe ons kan help om ‘n omgewing te skep wat dit vir nuwe besighede makliker maak, wat tot nuwe hoop in arm gebiede kan lei. Ons kan ‘n ondersteunende of fasiliteringsrol speel.

In 2006 het die Stad 224 informele nedersettings geïdentifiseer, wat ons besig is om te verbeter en van basiese dienste te voorsien. Ons doen dit in orde van voorkeur en binne die beperkings van ons begroting. Die Stad Kaapstad het besluit om hoofstroom-aandag aan informele nedersettings te gee. Dit is deel van hierdie stad en nie aparte probleemgebiede nie.

Dit is ‘n moeilike en lang tog. Vir elke R3 wat ons aan die installering van dienste soos water bestee, moet ons R2 aan die herstel of vervanging van gevandaliseerde of gesteelde items bestee.

As gemeenskappe sulke vandalisme en misdaad toelaat sonder om dit aan te meld, sal hulle crèche of skool die volgende dag sonder water wees. Dit is moeilik om eienaarskap van jou gemeenskap te vat en daarop trots te wees as jy arm is, maar ons moet dit verander.

Informele nedersettings word op die Kaapse Vlakte gebou wat ‘n hoë watertafel het en nie swaar reën kan absorbeer nie. Mense bou in laagliggende dele, selfs in vertragingsdamme. Sommige glo – verkeerdelik – dat hulle so voorkeurbehuising sal kry. Groot dele van ons stad is vloedrisiko’s. Vanweë klimaatsveranderinge en erge winterstorms loop ons kusdele ook risiko.

Talle formele gebiede is ook deur die onlangse oorstromings geraak. Die Stad het baie werk voor die winter gedoen om stormwaterstelsels skoon te maak en beskermingsmaatreëls teen modderstortings op berghange in te stel. Dit het gewerk. Met die oorstromings het honderde Stadsamptenare onvermoeid gewerk om slagoffers se nood te verlig. In die geheel gesien, kon ons die situasie die hoof bied.

Behuisings is een van die Stad se grootste uitdagings. Daar is omtrent 400 000 mense op die Raad se behuisingswaglys, wat ‘n daadwerklike poging van nasionale, provinsiale en plaaslike regering asook die sakesektor en die mense self noodsaak.

Daar is geen maklike oplossings of antwoorde in hierdie ontsaglike taak nie, maar die Stad is hard aan die werk.

1. Ons vyfjaar-behuisingsplan vir 2009/2014 is hersien, en is nou in pas met die “Breaking New Ground” nasionale behuisingsbeleide en -programme, die provinsiale Isidima-inisiatief en die Stad se geïntegreerde ontwikkelingsprogram. Die begin van die Stad se langertermyn- 6-tot-15-jaar-strategie is ook hierby ingesluit.

2. ‘n Totaal van 9 576 behuisingsgeleenthede het in die afgelope boekjaar gerealiseer. Dit is bereik ten spyte van beplannings- en omgewingsimpakbepalingsprosesse, kapasiteit in die konstruksienywerheid, tekort aan professionele projekbestuurders en inmenging deur die gemeenskappe in sommige projekte. (Dit is die hoogste behuisingsuitset sedert die stigting van die Kaapstadse metropolitaanse owerheid, wat 6 439 behuisingsgeleenthede in 2007/08 opgelewer het).

3. Verstedeliking is waarskynlik die stad se grootste uitdaging, waarvoor ons ‘n medium- tot langtermynstrategie aan’t ontwikkel is.

4. Die Stad het 210 ha grond teen R154 miljoen vir sy mediumtermyn-behuisingsprogram aangekoop, waarvan die grootste gedeelte langs die Weskus-korridor tussen Parklands en Atlantis geleë is.

5. Ons het ‘n teengrondbesettingseenheid op die been gebring om onbeboude grond teen onwettige grondbesetting te beskerm. Hierdie eenheid, wat 24 uur van die dag werk, verseker ook dat grond wat vir ontwikkeling geïdentifiseer is, nie beset word nie.

6. Planne is goed op dreef om huureenhede in bestaande townships op te knap en nuwe volhoubare leefomgewings te skep. 7 775 gesinne sal teen ‘n geraamde koste van R900 miljoen oor die volgende 5 jaar by fase 1 baat.

7. Die Stad se GAP-behuisingsprogram vorder ook goed. Dit is hersien om ook mense in die huishoudelike-inkomstekategorie R3 500 – R10 000 in te sluit.

8. Daar is aansienlike vordering met die opknappingstrategie vir informele nedersettings. Planne is en word opgestel vir ‘n paar tydelike hervestigingsgebiede (TRA’s) en bykomende ontwikkelingsgebiede (IDA’s). Dit is ‘n kort- tot mediumtermyn-ingryping om mense in noodsituasies soos brande en oorstromings te help.

9. Die Stad het 99.6% van sy 2008/09-nasionalebehuisingstoewysing (DORA) van R550 miljoen bestee en ‘n skoon ouditverslag ontvang.

Die Stad is trots op sy ongekwalifiseerde ouditverslag van die ouditeur-generaal. Ons weet ons werk met belastingbetalersgeld, en neem hierdie verantwoordelikheid baie ernstig op. Ons tenderprosesse is oop en ons duld nie misdaad, korrupsie en bedrog onder ons personeel nie.

Die Stad word gerig deur die beginsel van infrastruktuursgedrewe ontwikkeling. Ons doel is om die huidige infrastruktuur in stand te hou en die oues te verbeter of te vervang. Ons beplan ook vir toekomstige behoeftes, want ons wil die Eskom-situasie verhoed.

Die aanbied van die 2010-wêreldbeker sal die stad met groot infrastruktuursvoordele laat. Die geraamde waarde van die openbaresektor-investering alleen beloop R12 biljoen. Dit sluit in die nuwe stadion in Groenpunt, opknapping van die lughawe en spoorwegstelsel, verbeterde padwisselaars en die langtermyn-instelling van ‘n geïntegreerde snelvervoerstelsel.

As ‘n stadsregering kyk ons veel verder as die onmiddellike toekoms. Ons inwoners moet weet daar is ‘n langtermyn-bloudruk vir die tipe stad waarin ons oor dertig jaar wil leef en werk. Ons moet ‘n algemene meesterplan opstel, ‘n padkaart vir die toekoms.

Hierdie plan moet Kaapstad in ‘n globale stad verander, en ons keuses en besluite rig. Sommige besluite gaan uiteraard baie moelik wees. Ons moet geleenthede benut, risiko’s bestuur en ons unieke omgewing beskerm.

Hierdie meesterplan, die Stad se ontwikkelingstrategie, is nog nie voltooi nie. Die Stad sal u nie net hieroor raadpleeg nie, maar ook u hulp vra sodra dit gereed is vir aanbieding.

Ons werk almal hard en jaag rond om elke dag ons take afgehandel te kry. Wanneer ek egter ‘n oomblik stilstaan en besoekers ons stad wys, sien ek weer hoe pragtig hy is, hoe wonderlik ons mense is – en dit maak my trots. Ons moet eerlik oor ons probleme wees. Ons moet vindingryk en toegewyd wees wanneer ons oplossings soek. En ons kan mos nie anders as om geïnspireer te word deur hierdie stad wat ons ons tuiste noem nie.

Baie dankie.